DEEL 117 | WEEK 19 | 9 MEI 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Skenker vir George

## *Gemeenskap se hulp nodig*

In tye van onsekerheid hou families vas aan hoop – en aan mekaar. Die Roos-gesin van Heilbron gaan deur een van hul moeilikste tye, maar weet dat hul nie alleen is nie. Hul seun George veg teen 'n onverklaarbare siekte, en het die gemeenskap nodig.

George Roos, seun van George en Hilletje Roos, is onlangs in die hematologie-eenheid van Netcare Pretoria-Oos opgeneem.

Volgens sy pa, George, het hulle besef iets is fout toe George onlangs bleek en uiters moeg begin voorkom. "Hy het bloukolle op sy lyf gehad – sommige klein en ander groot – en sy oë was bloedrooi. Daar was ook 'n knop onder sy arm," vertel hy.

As gevolg van 'n familiegeskiedenis van kanker, het George sy seun aangemoedig om dringend 'n dokter te besoek. Bloedtoetse het daarna kommerwekkende resultate opgelewer: sy witbloedsel, rooibloedsel en bloedplaatjietelling was baie laag. Hy is aanvanklik in die Mediclinic van Bethlehem opgeneem waar hy bloed ontvang het. Kort daarna is hy oorgeplaas na Pretoria waar hy verder ondersoek en behandel is.

Alhoewel talle toetse reeds op hom gedoen is, krap dokters nog kop rondom sy diagnose.

Daar is egter herhaaldelik bevestig dat hy nie aan leukemie ly nie.

"Dokters vermoed dat sy toestand moontlik as gevolg van 'n bakteriële of virale infeksie veroorsaak word, óf dat hy aan 'n outo-immuunsiekte ly, óf dat dit selfs 'n genetiese siekte kan wees," aldus George. Wat wel duidelik is, is dat George dringend 'n beenmurgoorplanting moet ondergaan.

Die Roos-gesin is jarelange inwoners van Heilbron wat welbekend is vir die reuse rol wat hul in die gemeenskap speel. Dit sluit liefdadigheidswerk en uitreike na mense in nood in.

Klein George is self ook geliefd in die gemeenskap. Hy is 'n oudleerder van Hoërskool Heilbron waar hy aktief aan sport en ander skoolaktiwiteite deelgeneem het. Ná skool het hy by Sol-Tech gaan studeer. Tans is dit nog onduidelik wanneer George uit die hospitaal ontslaan gaan word. Sou dit egter gebeur, moet hy in Pretoria bly sodat hy na-aan die hospitaal kan wees.

Intussen word daar 'n dringende beroep op die gemeenskap gedoen om hulself as moontlike skenkerskandidate te laat toets.

Die Beenmurginstituut besoek Heilbron op Maandag, 12 Mei, en Dinsdag, 13 Mei. Toetse kan tussen 09:00 en 13:00 by Platteland Apteek gedoen word. Hulle besoek ook Hoërskool Heilbron Woensdag en sal ook Donderdag in Frankfort by Jurg van der Westhuizen Apteek beskikbaar wees.

Almal tussen die ouderdom van 16 en 45, wat nie aan 'n outo-immuunsiekte ly nie, kan die toetse laat doen. Dit is gratis, vinnig, nie seer nie en behels net 'n "mond-swap".

Sou jy 'n geskikte skenker wees, gaan daar net van jou verwag word om bloed te skenk. Die Beenmurginstituut oes dan die beenmurg weer vanuit jou geskenkde bloed.

Let wel: indien jy tussen 16 en 18 jaar oud is, moet jy 'n toestemmingsbrief van ouers inhandig.

Die Roos-familie het almal wat vir George bid en die gesin ondersteun opreg bedank. "Hou asseblief aan om saam met ons vir hom te veg."









# Afrikaans Vier 100 Jaar as Amptelike Taal – 'n Mylpaal op 8 Mei

Op 8 Mei 2025 vier Afrikaans 'n besondere mylpaal – 100 jaar sedert dit amptelik erken is as een van Suid-Afrika se landstale. Op 8 Mei 1925 het die Suid-Afrikaanse Parlement 'n belangrike besluit geneem: Afrikaans sou voortaan as 'n amptelike taal gelykgestel word aan Nederlands. Hierdie dag word dus beskou as die geboortedag van Afrikaans as 'n amptelike taal in ons land.

Afrikaans het ontstaan uit 17de-eeuse Nederlands, met invloede van ander tale soos Khoi, Maleis, Portugees, Frans, Duits en later ook Engels. Oor dekades het dit ontwikkel tot 'n unieke taal met sy eie grammatika, woordeskat en kultuuruitdrukkings.

In die afgelope 100 jaar het Afrikaans sterk gegroei en het dit homself gevestig as 'n taal van onderrig, letterkunde, musiek, media en wetenskap. Skrywers soos C.J. Langenhoven, Breyten Breytenbach, Antjie Krog en vele ander het diep spore getrap. Afrikaanse musiek en films is vandag gewild regoor Suid-Afrika en selfs internasionaal.

Hoewel die taal soms onder druk was weens politieke en sosiale faktore, het dit steeds voortbestaan danksy sy sprekers se liefde en toewyding. Vandag word Afrikaans deur miljoene mense gepraat as hul eerste of tweede taal, en dit bly 'n belangrike deel van Suid-Afrika se kultuurerfenis.

Die 100-jarige viering op 8 Mei is 'n geleentheid om terug te kyk op 'n ryk geskiedenis en vorentoe te kyk



na 'n inklusiewe, veeltalige toekoms waarin Afrikaans steeds 'n lewende en lewendige rol speel. Lang lewe Afrikaans – 100 jaar en steeds sterk!

## UIT DIE PEN: *Week 19*

Ek geniet dit om mense dop te hou. Ek spioeneer nie op hulle nie, ek bekyk hulle gewoontes, maniërisme, die manier hoe hulle loop, die beskrywende taal wat hulle gebruik. Soms sê hulle kleredrag of handskrif iets van hulle. Ek weet dat my gryse ma vreugde geput het uit mense se handskrifte. Sy het 'n hele reeks boeke daaroor gehad. Sy het my so afgeskrik dat ek later nie meer vir haar 'n handgeskrewe nota gegee het nie, want sê nou net sy kom agter dat ek 'n kompulsiewe steler of potensiële moordenaar of genie is? Dalk iemand met goeie oorredingsvermoë of miskien "sien" sy in my handskrif dat ek nie 'n geheim kan hou nie.

Grafologie, noem hulle dit. Om mense se persoonlikhede in hulle handskrif raak te sien.

Wat baie moeilik gaan wees vir iemand om dit op my te toets: ek het 'n hele aantal verskillende maniere hoe ek skryf. My eie notas en aantekeninge is in 'n handskrif wat nét ek kan ontsyfer (of soms nie). Dan is daar 'n handskrif wat ek gebruik wanneer ander mense my notas moet lees (ek skryf dan heelwat stadiger) en die derde handskrif is wanneer ek letterlik net een of twee woorde moet skryf. Dalk op 'n etiket of 'n naamkaartjie.

Ek kan kalligrafie doen, en natuurlik lyk dit ook heeltemal anders.

Daar is mense wat hulle hande gebruik om iets te beskryf. Vra maar 'n onderwyser: om kinders se aandag te hou, moet hulle iets demonstreer of met die hande beduie. My gryse ou pa het altyd gesê dat die enigste manier hoe jy sal weet of iemand wel-ter-tale is, is wanneer hulle kan verduidelik hoe Dolly Parton lyk sonder om hulle hande te gebruik.

En dan is daar mense se kantore of werkruimtes en hulle lessenaars.

Toe ons in die gewraakte covid-tyd by die huis gewerk het, het ek elke middag my lessenaar reggepak. Ek het elke werksoomblik by die huis gehaat, want jy hou net aan en aan met werk. Jy is mos besig om te werk, en jy kan net so wel aangaan totdat die hoenders ook slaap. My goeie man, daarenteen, het die hele sitkamer oorgeneem met boeke en papiere en ander snaaksighede. Tot my groot vreugde staan sy klein lessenaartjie nogsteeds in die sitkamer, vyf jaar nadat die Groot Siekte die wêreld getref het.

In my eie kantoor het ek 'n groterige lessenaar en 'n klein ronde tafeltjie. Ook 'n groot kas met twee deure en vyf rakke. Daar is 'n klein laaikassie en nog 'n boekrakkie met twee skuifdeurtjies. Hierop staan 'n foto en twee ander dekoratiewe items. Hier is vyf stoele en my eie lessenaarstoel. Hier is vier vetplante op die boekrak en in my venster. En drie portrette.

Op my lessenaar is my skootrekenaar en 'n reuse rekenaarskerm (moet asseblief nooit my rekenaarskerm vat nie!) en 'n telefoon. Hier lê 'n hele klomp dokumente rondom my waaruit ek werk of wat ek binnekort gaan nodig kry. Hier is 'n *muislappie* vir my rekenaar se muis en 'n plekmatjie vir my tee en my waterglas.

Toe ek op 'n dag agterkom dat ek nie meer my lessenaar se laai kan toekry nie, het ek al die potlode en verskillende penne in 'n blik gepak. Wat te klein was. Ek moes nog 'n blik kry om al die dik merkpenne in te bêre. Nie dat ek dit alles gebruik nie, maar jy kan nooit te min skryfgoed hê nie.

Hier is 'n oulike vergrootglas, want soms land hier dokumente wat onleesbaar klein gedruk is.

Daar pronk ook 'n AWS (Afrikaanse Woordelys en Spelreëls), geteken deur Sophia Kapp, skrywer, op my lessenaar. Nie dat ek dit elke dag gebruik nie.

Langs my lessenaar is 'n wit bord met ons jaarbeplanner, 'n lys van inligting wat ek daagliks nodig het, die kantoorverjaarsdae en 'n foto van my en ons aangenome kleinkind, Emelia.

En natuurlik die oranje speelgoedeendjie. Die arme ding is al seker vir vier jaar hier by my. Iemand het eendag 'n kunsprojek ingegee waarin die eendjie gepryk het. Kort voor lank het die eendjie afgeval en toe blyplek by my gekry. Tans is hy (of sy?) 'n permanente inwoner in my kantoor.

Ek het 'n kollega wat 'n silwerskoon lessenaar het. Nie klinies skoon nie, maar skoon van enige dokumente. Daar is 'n boekrak en 'n laaikassie. Met min tot niks in nie. Op haar lessenaar is 'n telefoon, haar skootrekenaar en 'n rekenaarskerm, en 'n jaarbeplanner. Dis al.

Dis regtig al. Ek kan nie baie uitwei oor alles in haar kantoor nie, want daar is nie baie nie.

Dan kom Albert Einstein se woorde by my op: "If a cluttered desk is the sign of a cluttered mind, what is an empty desk a sign of?"

Ek wonder baie keer waar sy haar notas neerskryf, want hoe op aarde onthou sy alles wat sy moet doen? As sy met iemand praat, maak sy nie aantekeninge soos ek nie.

Sy het nie 'n stukkie skoon papier of drie kleure penne nodig nie? Skryf sy ooit met 'n potlood of wil iets glim met 'n giggelgeel glimpen nie? Waar is haar plante of portrette om haar kantoor na "huis" te laat voel?

So het elkeen hulle voorkeur.

Ek wens vandag dat ek minder "goeters" rondom my gehad het. Maar ek het al van baie goeters ontslae geraak.

Ek is net bang ek gooi die pers, ligblou, turkoois, lilapers, neongroen, donkergroen, geel, oranje, bruin, swart en rooi skryfgoed weg, en net daarna het ek dit nodig.

Vir sommige gee hulle goeters sekuriteit, persoonlik wil ek net iets hê wat skryf, al gebruik ek die afgelope twee weke nog net een swart pen, een groen pen en een pienk pen.

Ek laat die klotter ("clutter") op my lessenaar toe, want ek is bang Eistein gebruik my leë lessenaar om te bewys dat ek eintlik 'n leërige kop het.

# Vaaldam oortref 100% – Waterinvloei neem af, Oranjerivier-vloei daal teen vinnige tempo

Die Vaaldam is tans 109.8% vol met 'n uitvloei van 219 m³/s, volgens die Departement van Water en Sanitasie se data van 07:00 7 Mei 2025. Die dam het dus effens oorvol gebly ná onlangse swaar reënval, maar die uitvloei is reeds besig om af te neem, wat 'n verligting vir gemeenskappe stroomaf beteken.

Die Bloemhofdam (107.3%) en die Van der Kloofdam (106.6%) toon soortgelyke vlakke van oorloop met onderskeidelik 801 m³/s en 982 m³/s se uitvloei. Al hierdie stelsels voed die Oranjerivierstelsel, en veral gebiede soos Douglas, Prieska, Upington en Kakamas het die afgelope weke hoë vloei ervaar.

Op Katlani by Douglas is vandag se vloei aangeteken as 3 022.46 m³/s. By Prieska is dit 3 449.01 m³/s en by Upington steeds bo 4 330.00 m³/s. Tog dui tendense op 'n volgehoue afname.

Volgens 'n plaaslike verslag van Tom Dawson vanaf Kakamas, is daar rede tot optimisme: "Ek is verheug om te rapporteer dat die vloei vinnig daal. Ek sal nog een verslag op 8 Mei doen, en teen daardie tyd behoort ons vlakke onder 4 000 m³/s tussen Kakamas en Augrabies te sien."

Met die Vaaldam se vloei wat verslap, en beheermaatreëls wat werk, hoop owerhede dat vloedrisiko's vir laer gebiede afneem. Die departement hou steeds fyn toesig oor waterbestuur en vloei.

Inwoners word aangeraai om steeds op hoogte te bly van plaaslike waterbulletins en voorbereid te bly vir enige skielike veranderinge in vloei of reënval.


| | | | |
|---|---|---|---|
| Vaal Dam | 2025-05-07 07:00 | Outflow: ↓219 m³/s | Capacity: 109.8 % |
| Bloemhof Dam | 2025-05-07 07:00 | Outflow: ↓801 m³/s | Capacity: 107.3 % |
| Van der Kloof Dam | 2025-05-07 07:00 | Outflow: ↓982 m³/s | Capacity: 106.6 % |
| Vaal + Orange @Katlani (Douglas) | 2025-05-07 07:00 | ↓ 3,022.46 m³/s | |
| Orange at Prieska | 2025-05-07 05:00 | ↓ 3,449.01 m³/s | |
| Orange at Upington | 2025-05-07 05:00 | ↓ 4,330.00 m³/s | |
| Orange at Blouputs | 2025-05-07 05:00 | No Data | |
| Orange at Sendelingsdrif | 2025-05-07 05:00 | No Data | |

Source: dws.gov.za Unaudited data




# Hoërskool Heilbron leerders presteer

Hoërskool Heilbron spog met hul leerders wat die afgelope tyd uitstekende prestasies behaal het in netbal, rugby, en kultuuraktiwiteite soos redenaars.












# Vriendinne groet vir Marthie ....


• *Laurette Naudé*

Dinsdag, 7 Mei het vriendinne by Hartklop vir Marthie van Jaarsveld gegroet. Die geleentheid het gepaard gegaan met heerlike verversings en tee, onderwyl baie staaltjies uit verlede opgedis is en uitgeruil is onder mekaar. Marthie en Abel vestig hul sedert 1980 in Heilbron. Die afgelope 45 jaar trap hul diep spore in Heilbron asook in harte. Dit was ook ‘n dankie sê geleentheid aan haar. Dink mens aan Marthie dan verbind jy haar met geleenthede waar “High-Teas” in perfektheid aangebied is. Porselein koppies, keurig gedekte tafels met smullekker eetgoed en fyn blomme *detail*.
Haar stil en ingetoë geaardheid met soveel vriendelikheid en opregtheid sal ons altyd bybly.
Waar hul nou verhuis na Pretoria wens ons haar ‘n rustige aftrede toe. Dit laat ‘n leemte vir ons met jou kundigheid in die kwekery, maar ons koester al die mooi herinneringe. ‘n Skets van haar huis is aan haar oorhandig as afskeidsgeskenk en ander sketse van geskiedkundige geboue in Heilbron met die vergunning van Magdaleen van Rensburg.



*Op die foto agter vl: Sarie Strydom, Marlene Nell, Marietjie Viljoen, Veronica Burger, Wendy Roos, Hester Roets, Helene Mouton, Laurette Naudé. Voor vl: Magriet Booysen, Ansa van Rooyen, Renet van Rooyen, Ellen Marais, Quarta Pretorius, Alida Els en Marthie van Jaarsveld.*

# Afsterwe van geliefde inwoner, Jacqui du Toit



Met groot hartseer neem die gemeenskap afskeid van Jacqui du Toit, ’n bekende en geliefde inwoner wat ’n onuitwisbare indruk op almal rondom haar gemaak het. Jacqui is onlangs oorlede, en haar heengaan laat ’n groot leemte in die harte van haar familie, vriende en die breër gemeenskap.

Jacqui was ‘n dinamiese en betrokkenheidspersoon wat haar tyd en energie aan verskeie organisasies en inisiatiewe gewy het. Sy was ’n aktiewe lid van die jagtersvereniging. Een van haar mees onlangse bydraes tot die gemeenskap was die reël van die Vegkop sterrepartytjie waar sy met ongelooflike toewyding en *detail* gesorg het, dat dit ’n besondere en gedenkwaardige geleentheid vir almal was. Sy was ook betrokke by die werksaamhede van die NG-Kerk Suid, waar haar diensbaarheid en warmte baie waardeer is.

Bo alles was Jacqui ‘n liefdevolle moeder, ’n lojale vriendin en ’n toegewyde familielid. Haar liefde vir haar kinders, vriende en familie was duidelik. Sy sal onthou word vir haar opregte omgee, haar vriendelikheid en haar geselsies.

Ons gedagtes en gebede is met haar geliefdes in hierdie tyd van rou. Jacqui se nalatenskap sal nog lank voortleef in die harte van almal wat die voorreg gehad het om haar te ken.

# Huppel Trippel “kuier” in Rwanda



*Drie Petrus Steyners Nonna Roos, Magdaleen van Rensburg en gasspreker, Ronél Meiring.*

• *Sylvia Meades*

Ons gas, Ronél Meiring en haar man het ń besoek gebring aan die gorillas van Rwanda. Sy het vertel wat hulle daar beleef het....kompleet met foto’s van die ervaring. Dit was ń baie aangename en uiters leersame oggend. Op 20 Mei bestaan die program uit ń Vasvra. Kom kuier gerus saam en toets jou algemene kennis.






# Gelukkige Moedersdag, Sondag 11 Mei 2025


HAPPY mother's DAY



Thank you, Grandma, for being there with your unconditional love and guidance throughout our lives. Wishing you a Happy Mother's Day.

Love, Connie

Liewe Mamma



Dankie vir alles wat Mamma vir ons doen. Ons kan nie ons lewens sonder Mamma in dink nie. Woorde kan nie ons liefde vir Mamma beskryf nie. Mamma is altyd daar vir ons en ons waardeer dit so baie!

Gelukkige Moedersdag Mamma
Baie liefde Leané en Junior


Gelukkige Moedersdag

Cleanmom! Baie dankie vir al jou liefde, wysheid en omgee. Jy is 'n wonderlike skoonma en ons waardeer jou elke dag meer en meer.

Lötters



PitStop vir Jesus bied aan
"Jy maak saak!"
Sprekers: Showers of Blessings
17 Mei 2025
Gratis
Ingang & Etc
NG-Suid
Kerksaal,
Heilbron
om 13:45



Bespreek teen 14 Mei
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775
PitStop vir JESUS


# DA calls for better maintenance at cemeteries in Heilbron

***• Robert Ferendale - DA Councillor Ngwathe Municipality***

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe will write to the Municipal Manager and the newly appointed Director of Community Services regarding the dire situation of the cemeteries in Heilbron and ask for an improvement plan to fix this.

I conducted an oversight visit on Monday, 5 May 2025, to four cemeteries in Heilbron and found that all of them were neglected, with long grass and unmaintained by the municipality.

There is not one person employed by the municipality at these cemeteries. Cows are grazing in the cemeteries, damaging tombstones and graves.

The municipality should assign EPWP workers to maintain cemeteries, as it is currently unclear what tasks they perform.

This is a municipal responsibility, and the Ngwathe local municipality should be held accountable.

We will monitor the situation and hold the municipality responsible for ensuring dignity for the community's loved ones. The DA will continue to fight for the residents of Heilbron.


Media Enquiries
Robert Ferendale
DA Councillor Ngwathe Municipality
064 863 8203

Heidrè Malgas
DA Free State Provincial Media Officer 065 669 5808



vkb Join our TEAM
Cleaner - VKB Retail, Heilbron

**Job Description:**
Carries out store cleaning duties either during or after normal office hours

**Requirements:**
Grade 12/ NQF4

**Skills Required:**
Service orientation
Accuracy Client service
Decision making
Team player
Verbal communication
Personal resilience
Organising

**Duties:**
Ensures that the workplace complies with the necessary workplace standards
Ensures that the workplace continuously complies with safety regulations
Undergo all training interventions, and successfully complete the training interventions

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 13 May 2025

vkb Join our TEAM
General Worker - VKB Retail, Heilbron

**Job Description:**
Performs general tasks, requiring the briefest induction

**Requirements:**
Grade 12 or NQF4
Load and offload of stock
Client service
Able to perform hard manual labour
Constantly adding value to the function of the job

**Duties and Responsibilities:**
Responsible for general tidiness
Cleaning duties
Ad hoc duties as assigned from time to time
Assist customers/suppliers with loading and offloading of stock as required according to policies and procedures
General housekeeping of premises
Stock control
Customer services

**Skills Required:**
Service orientation
Accurate, thorough and precise
Excellent health

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 13 May 2025

vkb Join our TEAM
Cashier - VKB Retail, Heilbron

**Job Description:**
Administers and controls all cash and card transactions handled at the shop

**Requirements:**
Grade 12 or NQF 4
Computer literate in Microsoft Office
Previous experience in a similar role will serve as recommendation

**Duties And Responsibilities:**
Paypoint sales
Client service
Receipts from customers and allocations processed
Receipts from card customers and back office tasks
Daily banking of all cheques and cash

**Skills Required:**
Excellent client service
Conflict handling
Numerate
Fast and energetic
Accurate and friendly

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 13 May 2025

# KENNISGEWINGS

*Form J187*

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 2810/2022
**Surname:** Oosthuizen
**First Names:** Nicolaas Stephanus
**ID Number:** 600619 5018 081
**Last Address:** 47 Hertzog Street Petrus Steyn, 9640
**First Names of Surviving Spouse:** Gerda
**Surname of Surviving Spouse:** Oosthuizen
**ID Number of Surviving Spouse:** 660113 0054 082
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Petrus Steyn
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Van Zyl Fourie Attorneys
**Advertiser Address:** 16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640
**Advertiser E-mail:** info@vzfattorneys.net
**Tel:** 083 547 9244
**Publication in the Government Gazette on:** 2025-05-09

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In the Estate of the Late:
Surname: **BESTER**
First names: **CASPER HERMANUS**
Estate number: **606/2024**
Identity/passport number: **540906 5063 081**
Date of death: **26/12/2023**
Last address: **RAUTENBACH STREET, DISTRICT KROONSTAD, PROVINCE FREE STATE**

The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 9 May 2025 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, KROONSTAD.

Name and address of Executor or
**AUTHORISED AGENT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADVERTISER NAME:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**40 CHURCH STREET**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/04/23**
**FOR PUBLICATION ON: 2025/05/09**

## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**

POSTNET HEILBRON




**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
Office National

## JAARBEPLANNER 2025

**MEI**
• 13 tot 16 Mei - Nampo Bothaville
• 21 Mei - Huis- & Tuinbouklub

**AUGUSTUS**
• 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
• 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
• 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
• 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub




**TE HUUR**

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

DUPNO Trading

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
POSTNET HEILBRON
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 084 988 8078

HERALD Sport

# Bestendige gholf maak wenners



*Verlede Saterdag se kampioenskapswenners vl: Willie Matthee (C afdeling), John Watson (Senior afdeling), Jackie Leonard (Klub kampioen en A afdeling), Pieter van Staden (HBA maandbeker) en Thulani Malgas (B afdeling en juniors).*

Om jou naam op die trofee te laat graveer moet jy vasklou tot op die einde. Jackie Leonard verstaan die konsep en is hy Heilbron Gholfklub se kampioen vir 2025. Hy behaal hierdie prestasie vir die 12de keer en doen dit nou vir die 8ste keer in 'n ry.

In die B afdeling was dit 'n kop aan kop stryd tot op die einde. Willem Loots het met 'n reuse poging gekom om die laaste nege putjies gelykop te speel teen die jong Thulani Malgas. Hulle moes 'n uitspeel valbyl putjie speel en klop Thulani hom met een hou. Thulani wen ook die junior afdeling. Pieter van Staden en Leonard Strydom was die voorlopers na 18 putjies. Pieter het die HBA maandbeker gewen vir die gholfer met die beste netto.

In die C afdeling was Willie Matthee die wenner en 'n eerste vir hom. Soos sy gholf grafiek nou lyk behoort hy volgende jaar in die B afdeling mee te ding.

Die senior afdeling word gewen deur John Watson met bestendige gholf.


RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 17 MEI, | 09:00 | CHASA KWALIFISERING/VERBETERING |
| 31 MEI, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 5 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22



vkb Join our TEAM

Job Description:
Sells the organization's merchandise according to agreed targets. Administers and controls cash and card transactions handled at the shop. Effectively market stock to customers, manage stock control to ensure constant availability of stock to clients.

Requirements:
Grade 12 or NQF 4
Knowledge of Irrigations systems/ Electrical equipment will serve as recommendation
Excellent interpersonal skills
Ability to work under pressure
Orientation towards marketing and client service
Team orientated
Willing to undergo continuous training
Duties and Responsibilities
Stock control and orders
Marketing of agricultural commodities
PayPoint sales
Receipts from customers and allocations processed
Daily banking of all cheques and cash
Continuously rendering customer service of high standard to walk-in customers and via telephonic and email medium

Skills:
Merchandising skills
Conflict management skills
Basic computer skills
Problem solving skills
Negotiation skills
Sound sales and interpersonal skills

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 13 May 2025



GAME HUNTERS!

THIS IS YOUR CHANCE TO WIN A BUFFALO BULL OR ONE OF SEVEN OTHER PRIZES:

ONLY R500

8 PRIZES TO BE WON:

PRIZES VALUE AT ± R250 000

- 1 x Buffalo Bull (2 Persons) - 2 x Nights Self Catering - African Frontier Safaris, Ellisras
- 1 x Blue Wildebeest, 1 x Impala, 1 Warthog - (2 Persons) 2 Nights Self Catering - African Frontier Safaris, Ellisras
- 1 x Black Wildebeest, 2 x Impala (2 Persons), 1 Night Self Catering - African Frontier Safaris, Heilbron
- 1 x Blue Wildebeest, 1 x Impala - 3 x Nights (4 Persons) Self Catering - AREA: Thabazimbi
- 1 x Springbuck, 3 x Blesbuck - 2 Nights (8 Persons) Self Catering AREA: Francolin Creek, Heilbron
- 1 x Black Wildebeest, 3 x Blesbuck (4 Persons), 2 x Nights Self Catering - AREA: [illegible], Heilbron
- 4 x Blesbuck - (4 Persons) - 2 x Nights Self Catering - AREA: Heilbron
- 4 x Blesbuck (Day Hunt) - AREA: [illegible]

Ticket sales close 31 July 2025 and winners will be announced on 1 August 2025.
The draw will be monitored by Van Rensburg Accountants.

All hunts must be completed before 30 September 2025.

THE DUTCH REFORMED CHURCH, HEILBRON FUNDRAISING PROJECT
ENQUIRIES: ANNARI 082 224 8741 • TEL 058 852 1815



WINKELURE
MAANDAE TOT DONDERDAE:
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE:
08:30 - 13:00

Herald Office National

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 12 MEI 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
FRANKFORT: GH MULLER & SEUN BDY
1620 Skape & 450 Boerbokke
11:00, Kleinhoewe
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

**DINSDAG - 13 MEI 2025**
VREDE Maandeliks veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169
KLERKSDORP 2-Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
MIDDELBURG: TIMAL BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Tweefontein
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**WOENSDAG - 14 MEI 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
ROSENDAL 2-Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**DONDERDAG - 15 MEI 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

**VRYDAG - 16 MEI 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za